

No. 13 van 1967.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die beheer van en belasting op die aanhou van honde binne munisipale gebiede en om die Hondebelasting Ordonnansie 1927 en die Munisipale Ordonnansie 1963 te wysig.

(Goedgekeur 1 Junie 1967)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreeë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925, soos gewysig by artikel 16 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:

Woordbepaling.

1. In hierdie ordonnansie, tensy die sinsverband anders aandui —

omvat „aanhou” in besit te hê, beheer of toesig te hê oor, in bewaring te hê of skulling te verleen aan, en het „die aanhou” en „aangehou” ’n ooreenstemmende betekenis;

beteken „belasting” ’n belasting opgelê ingevolge artikel 2;

beteken „gemagtigde beampte” enigiemand wat as sodanig deur enige raad aangestel is of enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie;

beteken „goedgekeurde dorp” ’n goedgekeurde dorp soos bepaal in die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963);

omvat „hierdie ordonnansie” die regulasies ingevolge hierdie ordonnansie uitgevaardig;

beteken „hond” enige hond ouer as ses maande;

beteken „jaar” die tydperk van die eerste dag van April tot die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar en het „jaarliks” of „jaarlikse” ’n ooreenstemmende betekenis;

beteken „lisensie” ’n lisensie soos bedoel in artikel 5;

beteken „metaalplaatjie” ’n metaalplaatjie soos bedoel in artikel 5;

beteken „munisipale gebied” die gebied van ’n munisipaliteit waarvoor ’n raad regs gesag het;

beteken „munisipaliteit” ’n munisipaliteit soos bepaal in die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963);

beteken „raad” die raad van enige munisipaliteit;

beteken „regulasie” enige regulasie uitgevaardig of van krag ingevolge hierdie ordonnansie;

beteken „vrystellingsertifikaat” ’n vrystellingsertifikaat soos bedoel in artikel 6.

Oplegging van belasting.

2. Elke raad lê ’n belasting soos hierna bepaal op die aanhou van enige hond binne sy munisipale gebied en hef sodanige belasting soos by regulasie voorgeskryf.

Bedrag van belasting.

3. Die bedrag van die belasting is —

(a) een rand ten opsigte van enige hond buiten ’n ongesnyde teef; en

(b) vyf rand ten opsigte van enige ongesnyde teef.

Belastingpligtigheid.

4. (1) Elkeen wat ’n hond aanhou, betaal die belasting jaarliks: Met dien verstande dat —

(a) iemand wat ’n hond begin aanhou ten opsigte waarvan die belasting deur iemand anders betaal is, gedurende die geldigheid van die betrokke lisensie en metaalplaatjie en by betaling van ’n bedrag van twintig sent, geregtig is om die lisensie en metaalplaatjie aan hom te laat oordra by wyse van endossement op die lisensie gedoen deur die raad wat die lisensie uitgereik het; en

No. 13 of 1967.]

ORDINANCE

To provide for the control and taxation of the keeping of dogs within municipal areas and to amend the Dog Tax Ordinance, 1927 and the Municipal Ordinance, 1963.

(Assented to 1st June, 1967)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925 as amended by section 16 of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Parliament of the Republic of South Africa as follows:—

1. In this Ordinance unless the context otherwise indicates — Definitions.

“approved township” means an approved township as defined in the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963);

“authorised officer” means any person appointed as such by any council or any member of the South African Police;

“certificate of exemption” means a certificate of exemption referred to in section 6;

“council” means the council of any municipality;

“dog” means any dog over the age of six months;

“keep” includes having in possession, in charge, under control or in custody, or harbouring and “keeping” and “kept” have corresponding meanings;

“licence” means a licence referred to in section 5;

“metal badge” means a metal badge referred to in section 5;

“municipal area” means the area of a municipality in respect of which a council exercises jurisdiction;

“municipality” means a municipality as defined in the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);

“regulation” means any regulation made or in force under this Ordinance;

“tax” means a “tax” imposed in terms of section 2;

“this Ordinance” shall include the regulations made under this Ordinance;

“year” means the period from the 1st day of April to the 31st day of March next succeeding and “annual” or “annually” shall have a corresponding meaning.

2. Every council shall in the manner prescribed by regulation, impose a tax as hereinafter provided upon the keeping of any dog within its municipal area. Imposition of tax.

3. The amount of the tax shall be — Amount of tax.

(a) one rand in respect of any dog other than an unspayed bitch; and

(b) five rand in respect of any unspayed bitch.

4. (1) The tax shall be paid annually by every person keeping a dog: Provided that — Liability of tax.

(a) any person commencing to keep a dog in respect of which the tax has been paid by some other person, shall during the currency of the licence and metal badge concerned and on payment of a fee of twenty cents, be entitled to have such licence and metal badge transferred to him by endorsement made on such licence by the council which issued such licence; and

- (b) iemand wat ophou om 'n hond aan te hou ten opsigte waarvan die belasting betaal is, geregtig is om by betaling van 'n bedrag van twintig sent die lisensie en metaalplaatjie ten opsigte van so 'n hond, by wyse van endossement deur die raad wat die lisensie uitgereik het, te laat oordra op 'n ander hond wat deur so iemand aangehou word ten opsigte waarvan daar ten genoeë van so 'n raad bewys word dat geen belastingpligtigheid ontstaan het voor die datum waarop so iemand opgehou het om eersgenoemde hond aan te hou nie; en
- (c) iemand wat ten behoeve van iemand anders 'n hond tydelik aanhou ten opsigte waarvan die belasting betaal is, nie gedurende die geldigheid van die betrokke lisensie en metaalplaatjie aangesê mag word om weer belasting ten opsigte van so 'n hond te betaal nie.

(2) Die belasting is verskuldig en betaalbaar voor of op die 1ste dag van April of binne sewe dae nadat iemand 'n hond begin aanhou, en verval op die eersvolgende 31ste dag van Maart: Met dien verstande dat as iemand na die 30ste dag van September van enige jaar belastingpligtig word, die belasting vir daardie jaar met die helfte verminder word: Met dien verstande voorts dat as so 'n belasting nie binne twee maande nadat dit verskuldig en betaalbaar geword het, betaal word nie, 'n laatgeld van een rand, benewens sodanige belasting, verskuldig en betaalbaar word.

(3) Elkeen wat 'n hond aanhou ten opsigte waarvan die belasting nie betaal is nie, is skuldig aan 'n misdryf.

Invordering van belasting.

5. (1) Die raad vorder die belasting by wyse van 'n lisensie in, soos by regulasie voorgeskryf.

(2) Saam met sodanige lisensie reik die raad 'n metaalplaatjie soos by regulasie voorgeskryf kosteloos uit.

Vrystellings.

6. (1) Geen belasting is betaalbaar nie ten opsigte van enige hond wat —

- (a) deur 'n blinde as gids gebruik word;
- (b) die eiendom van die Suid-Afrikaanse Polisie is en uitsluitlik vir polisie-doelindes gebruik word;
- (c) die Gebied vir 'n tentoonstelling binnegebring is: Met dien verstande dat sodanige hond nie vir 'n tydperk van langer as dertig dae in die Gebied mag bly nie.

(2) Waar enige hond van belasting vrygestel word, reik die raad 'n vrystellingsertifikaat saam met 'n metaalplaatjie soos by regulasie voorgeskryf kosteloos uit.

As belasting betaal is.

7. As iemand 'n hond aanhou ten opsigte waarvan die belasting betaal is, word dit nie van so iemand vereis om tydens die geldigheidsduur van die betrokke lisensie en metaalplaatjie weer enige belasting ten opsigte van sodanige hond ingevolge hierdie ordonnansie of enige ander wet te betaal nie.

Bevoegdheid van eienaars of okkupeerders van grond.

8. (1) Elke eienaar of okkupeerder van grond, binne die munisipale gebied van enige raad en elke werknemer, agent, bediende, eggenote, eggenoot of kind ouer as agtien jaar van so 'n eienaar of okkupeerder, wat iemand met 'n hond aantref op sodanige grond of op 'n pad wat oor sodanige grond gaan, kan —

- (a) so iemand aansê om die lisensie ten opsigte van so 'n hond binne 'n tydperk van drie dae aan 'n gemagtigde beamppte vir inspeksie te toon;
- (b) die naam en adres van so iemand en van die persoon wat bedoelde hond aanhou, opeis;
- (c) enige persoon ondervra wat, na hy meen, in staat is om inligting te verstrek wat hy verlang;
- (d) die saak by die betrokke raad aangee en alle besonderhede verstrek wat hy verkry het.

(2) Elkeen wat weier of versuim om na die beste van sy vermoë enige vraag te beantwoord wat aan hom gestel word deur, of om na die beste van sy vermoë te voldoen aan enige vereiste van, of met opset 'n valse verklaring doen aan, 'n eienaar of okkupeerder van sodanige grond of 'n werknemer, agent, bediende, eggenoot, eggenote of kind ouer as agtien jaar van so 'n eienaar of okkupeerder, by die uitoefening van sy bevoegdheid ingevolge hierdie artikel, is skuldig aan 'n misdryf.

- (b) a person ceasing to keep a dog in respect of which the tax has been paid, shall be entitled on payment of a fee of twenty cents to have the licence and metal badge in respect of such dog transferred by endorsement by the council which issued such licence to any other dog kept by such person and in respect of which it is shown to the satisfaction of such council that no liability for tax has arisen before the date on which such person ceased to keep the first-mentioned dog; and
- (c) any person who, on behalf of another person, temporarily keeps a dog in respect of which the tax has been paid, shall not during the currency of the licence and metal badge concerned be required again to pay the tax in respect of such dog.

(2) The tax shall be due and payable on or before the 1st day of April or within seven days after commencing to keep a dog, and shall expire on the 31st day of March next succeeding: Provided that if liability for the tax arises after the 30th day of September in any year the tax for that year shall be reduced by one-half: Provided further that if any such tax is not paid within two months after it has become due and payable a late fee of one rand shall be due and payable in addition to such tax.

(3) Any person keeping a dog in respect of which the tax has not been paid shall be guilty of an offence.

5. (1) The tax shall be collected by the council by means of a licence as prescribed by regulation. Collection of tax.

(2) Together with such licence the council shall issue free of charge a metal badge as prescribed by regulation.

6. (1) No tax shall be payable in respect of any dog — Exemptions.

- (a) used by a blind person as a guide;
- (b) owned by the South African Police and used exclusively for police purposes;
- (c) brought into the Territory for purposes of an exhibition: Provided that such dog does not remain within the Territory for a period exceeding thirty days.

(2) Whenever any dog is exempted from tax the council shall issue free of charge a certificate of exemption together with a metal badge as prescribed by regulation.

7. Any person who keeps a dog in respect of which the tax has been paid, shall not during the currency of the licence and metal badge concerned be required again to pay any tax in respect of such dog in terms of this Ordinance of any other law. When tax has been paid.

8. (1) Any owner or occupier of land within the municipal area of any council and any employee, agent, servant, wife, husband or child over the age of eighteen years of such owner or occupier, who finds a person with a dog on such land or on any road passing over such land may — Powers of owners or occupiers of land.

- (a) request such person to produce to an authorised officer for inspection within a period of three days the licence in respect of such dog;
- (b) demand the name and address of such person and of the person keeping such dog;
- (c) question any person who in his opinion may be able to furnish any information desired by him;
- (d) report the fact to the council concerned, and furnish any particulars he shall have obtained.

(2) Any person who refuses or fails to answer to the best of his ability any question put to him by, or to comply to the best of his ability with any requirement made by, or wilfully makes any false statement to, an owner or occupier of such land, or any employee, agent, servant, wife, husband or child over the age of eighteen years of such owner or occupier, in the exercise of his powers under this section, shall be guilty of an offence.

Bevoegdheid en pligte van gemagtigde beamptes.

9. (1) 'n Gemagtigde beampte kan vir enige doel in verband met die toepassing van die bepalings van hierdie ordonnansie —

- (a) enigiemand wat met 'n hond aangetref word, aansê om die lisensie ten opsigte van so 'n hond, asook die hond ten opsigte waarvan so 'n lisensie uitgereik is, binne 'n tydperk van drie dae vir inspeksie te toon;
- (b) die naam en adres van enigiemand wat met 'n hond aangetref word, opeis;
- (c) enige eienaar of okkupeerder van grond of 'n perseel aansê om die getal honde op sodanige grond of perseel te verstrek;
- (d) te alle redelike tye sonder om vooraf kennis te gee, enige grond of perseel betree;
- (e) enigiemand ondervra wat, na hy meen, in staat is om inligting te verstrek wat hy verlang.

(2) Enige eienaar of okkupeerder van 'n perseel of grond en enige werknemer, agent, bediende, eggenote, eggenoot of kind ouer as agtien jaar van so 'n eienaar of okkupeerder moet op versoek 'n gemagtigde beampte in die geleentheid stel om sodanige perseel of grond te betree of om op sodanige perseel of grond sy bevoegdheid uit te oefen of sy pligte te vervul.

(3) 'n Gemagtigde beampte kan te alle tye 'n tolk of assistent saamneem wat, terwyl hy op las van sodanige beampte optree, as 'n gemagtigde beampte beskou word.

(4) As 'n gemagtigde beampte meen dat die belasting ten opsigte van 'n hond aan 'n ander raad verskuldig en betaalbaar is, dan moet hy 'n verslag te dien effekte indien by die raad in wie se munisipale gebied sodanige hond aangetref is en alle besonderhede wat hy verkry het, verstrek.

(5) Elkeen wat —

- (a) weier of versuim om na die beste van sy vermoë enige vraag te beantwoord wat aan hom gestel word deur, of wat met opset 'n valse verklaring doen aan, 'n gemagtigde beampte by die uitoefening van sy bevoegdheid of die vervulling van sy pligte;
- (b) weier of versuim om na die beste van sy vermoë te voldoen aan enige vereiste van 'n gemagtigde beampte by die uitoefening van sy bevoegdheid of die vervulling van sy pligte;
- (c) 'n gemagtigde beampte by die uitoefening van sy bevoegdheid of die vervulling van sy pligte weerstaan, hinder of belemmer;
- (d) hom valslik as 'n gemagtigde beampte voordoen;
- (e) versuim om aan die bepalings van subartikel (2) te voldoen;

is skuldig aan 'n misdryf.

Plig van rade teenoor mekaar.

10. Waar dit ook al uit 'n verslag wat ingevolge artikel 8 (1) of artikel 9 (4) ingedien is, of uit ander inligting vir 'n raad voorkom dat die belasting ten opsigte van 'n hond aan 'n ander raad verskuldig en betaalbaar is, moet hy sodanige verslag of ander inligting saam met alle besonderhede waaroor hy beskik, aan die ander raad verstrek.

Hond moet metaalplaatjie dra.

11. Elkeen wat 'n hond aanhou ten opsigte waarvan 'n metaalplaatjie uitgereik is, en wat versuim om toe te sien dat sodanige hond dit te alle tye dra solank dit geldig is, behalwe vir die tydperk wanneer so 'n hond onderweg is na of van 'n hondetoonstelling of aldaar vertoon word, is skuldig aan 'n misdryf.

Vernietiging van honde.

12. Enige hond kan vernietig word —

- (a) deur of op las van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel of grond geleë buite die gebied van 'n goedgekeurde dorp, maar binne die munisipale gebied van enige raad as dit skade daarop aanrig;
- (b) deur 'n gemagtigde beampte —
 - (i) as dit êrens (uitgesonderd op grond of persele wat die eiendom is van, of geokkupeer word deur, die persoon wat die hond aanhou) gevind word sonder 'n metaalplaatjie tensy iemand sodanige beampte binne drie dae oortuig dat die belasting ten opsigte van sodanige hond betaal is of dat dit belastingvry is;

9. (1) An authorised officer may for any purpose connected with the carrying out of the provisions of this ordinance —

Powers and duties of authorised officers.

- (a) request any person found with a dog to produce for inspection within a period of three days the licence in respect of such dog and the dog in respect of which such licence was issued;
- (b) demand the name and address of any person found with a dog;
- (c) request any owner or occupier of land or premises to furnish the number of dogs on such land or premises;
- (d) at all reasonable times without previous notice enter upon any land or premises;
- (e) question any person who in his opinion may be able to furnish any information desired by him.

(2) Any owner or occupier of premises or land and any employee, agent, servant, wife, husband or child over the age of eighteen years of such owner or occupier shall upon request furnish to an authorised officer such facilities as are required by him for entering such premises or on such land or for the exercise of his powers or the execution of his duties on such premises or land.

(3) Any authorised officer may at all times take with him an interpreter or assistant who shall, while acting under the direction of such officer, be deemed to be an authorised officer.

(4) If it appears to an authorised officer that the tax in respect of a dog is due and payable to some other council, he shall submit a report to that effect to the council in whose municipal area such dog was found and furnish such particulars as he may have obtained.

(5) Any person who —

- (a) refuses or fails to answer to the best of his ability any question put to him by, or wilfully makes any false statement to, an authorised officer in the exercise of his powers or the execution of his duties;
- (b) refuses or fails to comply to the best of his ability with any requirement made by an authorised officer in the exercise of his powers or the execution of his duties;
- (c) resists, hinders or obstructs an authorised officer in the exercise of his powers or the execution of his duties;
- (d) falsely holds himself out to be an authorised officer;
- (e) fails to comply with the provisions of sub-section (2);

shall be guilty of an offence.

10. Wherever it appears to a council from a report submitted to it under section 8 (1) of section 9 (4) or from other information, that the tax in respect of a dog is due and payable to some other council, it shall transmit such report or other information together with such particulars as may be available, to such other council.

Duty of councils to each other.

11. Any person keeping a dog in respect of which a metal badge has been issued and who fails to cause such badge to be worn by such dog at all times during the currency thereof except during the time that such dog is proceeding to, being exhibited at or returning from a dog show, shall be guilty of an offence.

Metal badge to be worn by dog.

12. Any dog may be destroyed —

- (a) by or on the order of the owner or occupier of premises or land situated outside the area of an approved township but within the municipal area of any council, if found causing damage thereon;
- (b) by an authorised officer —
 - (i) if found in any place (not being land or premises owned or occupied by the person keeping such dog), without a metal badge unless some person satisfies such officer within three days that the tax in respect of such dog has been paid or that it is exempt from tax;

Destruction of dogs.

- (ii) as hy tevrede is dat die belasting ten opsigte van so 'n hond nie betaal is nie, tensy alle lopende en agterstallige belastings ten opsigte van so 'n hond op aanvraag betaal word, of die belasting ten opsigte van so 'n hond na sodanige beaampte meen, aan 'n ander raad verskuldig en betaalbaar is.

Misdrywe.

13. Elkeen wat —

- (a) enige dokument of metaalstuk namaak of vervals met die oog op die gebruik van so 'n dokument as 'n lisensie of vrystellingsertifikaat of van so 'n metaalstuk as 'n metaalplaatjie;
- (b) 'n nagemaakte of vervalste dokument of metaalstuk gebruik, uitgee of in sy besit het wetende dat dit nagemaak of vervals is;
- (c) 'n metaalplaatjie wederregtelik deur 'n ander hond as dié ten opsigte waarvan dit uitgereik is laat dra of toelaat dat dit deur hom gedra word;
- (d) in wederregtelike besit gevind word van 'n lisensie, vrystellingsertifikaat of metaalplaatjie;
- is skuldig aan 'n misdryf.

Strafbepalings.

14. Elkeen wat ingevolge hierdie ordonnansie skuldig bevind word aan 'n misdryf, is strafbaar in die geval van 'n oortreding van —

- (a) artikel 4 (3) of artikel 11 met 'n boete van hoogstens twintig rand of met gevangenisstraf van hoogstens een maand;
- (b) artikel 8 (2), artikel 9 (5) (a), (b) of (c), of artikel 13 (d) met 'n boete van hoogstens veertig rand of gevangenisstraf van hoogstens twee maande;
- (c) artikel 9 (5) (c) of (d), of artikel 13 (a), (b) of (c), met 'n boete van hoogstens honderd rand of gevangenisstraf van hoogstens ses maande.

Regulasies.

15. (1) Die Administrateur kan regulasies maak wat nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie ordonnansie is nie, waarby —

- (a) die aanhou van honde gereël, beheer en beperk word;
- (b) die aanhou van kwaadaardige of gevaarlike honde gereël, beheer, beperk of verbied word, met die mag om voorsiening te maak vir die beslaglegging op en vernietiging van sodanige honde;
- (c) voorsiening gemaak word vir die beslaglegging op, verkoop of vernietiging van honde wat siek of onopgeëis is of ten opsigte waarvan die belasting nie betaal is nie;
- (d) die wyse voorgeskryf word waarop die belasting opgelê en ingesamel moet word en die lisensie en die metaalplaatjie uitgereik moet word, insluitende enige vorm vereis vir sodanige doeleindes en die vorms van vrystellingsertifikate, lisensies en metaalplaatjies;
- (e) die wyse voorgeskryf word waarop 'n vrystellingsertifikaat en 'n metaalplaatjie uitgereik moet word insluitende die bewyse en besonderhede vereis vir sodanige uitreiking;
- (f) die wyse voorgeskryf word waarop 'n lisensie op 'n ander persoon oorgedra word;
- (g) voorsiening gemaak word vir die uitreiking van duplikate van lisensies, vrystellingsertifikate en metaalplaatjies wat verlore of vernietig is, en die geld (wat nie meer as twintig sent vir elke duplikaat mag wees nie) wat gehef moet word, insluitende die bewyse en besonderhede vereis vir sodanige uitreiking;
- (h) in die algemeen, voorsiening gemaak word vir alle sake nodig by die behoorlike administrasie van hierdie ordonnansie en die behoorlike uitvoering van sy bepalings;
- (i) 'n straf in die vorm van 'n boete van hoogstens twintig rand of gevangenisstraf van hoogstens een maand weens enige oortreding van sodanige regulasies voorgeskryf word.

- (ii) if he is satisfied that the tax in respect of such dog has not been paid, unless all current and arrear tax in respect of such dog shall be paid on demand, or it appears to such officer that the tax in respect of such dog is due and payable to some other council.

13. Any person who —

Offences.

- (a) fabricates or forges any document or piece of metal with intent that such document shall be used as a licence or certificate of exemption or such piece of metal shall be used as a metal badge;
 - (b) uses, utters or has in his possession any fabricated or forged document or piece of metal, well knowing the same to have been fabricated or forged;
 - (c) unlawfully causes or permits a metal badge to be worn by any other dog than the dog in respect of which it was issued;
 - (d) is found in unlawful possession of a licence, certificate of exemption or metal badge;
- shall be guilty of an offence.

14. Any person convicted of an offence under the provisions of this Ordinance shall be liable, in the case of a contravention of —

Penalties.

- (a) section 4 (3) or section 11 to a fine not exceeding twenty rand or to imprisonment for a period not exceeding one month;
- (b) section 8 (2), section 9 (5) (a), (b) or (e) or section 13 (d) to a fine not exceeding forty rand or to imprisonment for a period not exceeding two months;
- (c) section 9 (5) (c) or (d), or section 13 (a), (b) or (c), to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.

15. (1) The Administrator may make regulations not inconsistent with the provisions of this Ordinance —

Regulations.

- (a) regulating, controlling and restricting the keeping of dogs;
- (b) regulating, controlling, restricting, and prohibiting the keeping with power to provide for the seizure and destruction, of vicious or dangerous dogs;
- (c) providing for the seizure, sale or destruction of dogs which are diseased, unclaimed or in respect of which the tax has not been paid;
- (d) prescribing the manner in which the tax is to be imposed and to be collected and the licence and the metal badge is to be issued including any forms required for such purposes and the forms of licences, certificates of exemption and metal badges;
- (e) prescribing the manner in which a certificate of exemption and a metal badge is to be issued including the proof and particulars required for such issue;
- (f) prescribing the manner in which a licence may be transferred to any other person;
- (g) providing for the issue of duplicates of licences, certificates of exemption and metal badges lost or destroyed, and the fee, (which shall not exceed twenty cents for each duplicate) to be charged, including the proof and particulars required for such issue;
- (h) generally providing for all matters necessary for the due administration, and for giving full effect to the provisions of this Ordinance;
- (i) prescribing a penalty not exceeding a fine of twenty rand or imprisonment for a period not exceeding one month for any contravention of such regulations.

Toepassing van Ordonnansie op dorpsbestuursgebiede.

16. Die Administrateur kan die bepalings van artikel 1 tot en met artikel 15 by proklamasie in die *Offisiële Koerant* toepas op enige dorpsbestuursgebied bedoel in artikel 3 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) vanaf 'n datum wat in sodanige proklamasie bepaal word in welke geval sodanige bepalings *mutatis mutandis* geld vir sodanige gebied en die dorpsbestuur ingestel vir sodanige gebied ingevolge die bedoelde artikel 3.

Wysiging van Ordonnansie 14 van 1927 soos gewysig by Ordonnansie 2 van 1958 en Ordonnansie 15 van 1964.

17. Die Hondebelasting Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 14 van 1927) word hierby gewysig —

- (a) deur die vervanging in artikel 3 (1) van die woorde „'n munisipaliteit of 'n dorpsbestuursgebied” oral waar hulle voorkom deur die woorde „'n dorpsbestuursgebied ten opsigte waarvan die bepalings van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 nie van toepassing is nie”;
- (b) deur die skraping in artikel 5 (2) van die woorde „munisipaliteit of”;
- (c) deur die byvoeging aan die end van artikel 6 (2) van die woorde „tensy sodanige hond 'n metaalplaatjie dra wat uitgereik is ingevolge die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967”;
- (d) deur die vervanging van artikel 6 (3) deur die volgende subartikel:—

„(3) Iemand wat beslag lê op enige hond binne 'n munisipale gebied of 'n dorpsbestuursgebied ten opsigte waarvan die bepalings van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 van toepassing is, handel met sodanige hond ingevolge die toepaslike bepalings van daardie ordonnansie.”;

- (e) deur die vervanging van artikel 11 deur die volgende artikel:—

„Beskikking oor belastingopbrengs.

11. Totdat die bepalings van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 ingevolge artikel 16 daarvan op enige dorpsbestuursgebied toegepas is, word die opbrengs van die belasting wat enige inwoner van sodanige gebied betaal, min tien persent, aan die betrokke dorpsbestuur oorbetaal.”;

- (f) deur die invoeging na artikel 12 van die volgende artikel:—

„Toepassing van ordonnansie.

12bis. Behalwe soos anders bepaal, geld die bepalings van hierdie ordonnansie nie ten opsigte van enige munisipale gebied of enige dorpsbestuursgebied ten opsigte waarvan die bepalings van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 geld nie: Met dien verstande dat enigiemand wat 'n hond aanhou ten opsigte waarvan die belasting ingevolge hierdie ordonnansie betaal is, nie tydens die geldigheidsduur van 'n metaalplaatjie wat ingevolge hierdie ordonnansie uitgereik is verplig kan word om weer enige belasting ten opsigte van sodanige hond ingevolge hierdie ordonnansie of enige ander wet te betaal nie.”.

Wysiging van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig by Ordonnansie 5 van 1964.

18. Die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) word hierby gewysig —

- (a) deur die skraping van artikel 166 (5) (b);
- (b) deur die invoeging in artikel 242 (5) (c) voor die woorde „die verbod” van die woorde „behoudens die bepalings van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 en enige regulasies daarkragtens uitgevaardig”.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

19. Hierdie ordonnansie heet die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 en tree in werking op die eerste dag van April 1968.

16. The Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* apply the provisions of sections 1 to 15, inclusive, to any Village Management Board area referred to in section 3 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) as from a date to be specified in such proclamation in which event those provisions shall *mutatis mutandis* apply to such area and the Village Management Board constituted for that area in terms of the said section 3.

Application of Ordinance to Village Management Board areas

17. The Dog Tax Ordinance, 1927 (Ordinance 14 of 1927) is hereby amended —

Amendment of Ordinance 14 of 1927 as amended by Ordinance 2 of 1958 and Ordinance 15 of 1964.

- (a) by the substitution in section 3 (1) for the words "a municipality or a village management board area" wherever they occur of the words "a village management board area in respect of which the provisions of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 do not apply";
- (b) by the deletion in section 5 (2) of the words "municipality or";
- (c) by the addition at the end of section 6 (2) of the words "unless such dog is wearing a metal badge issued in terms of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967";
- (d) by the substitution for section 6 (3) of the following sub-section: —
 - "(3) If any dog is seized within a municipal area or a village management board area in respect of which the provisions of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 apply, the person seizing such dog shall deal therewith in terms of the applicable provisions of that Ordinance";
- (e) by the substitution for section 11 of the following section:—

"Disposal of proceeds of tax.

11. Until the provisions of the Municipal Dog Tax Ordinance 1967 have been applied to any village management board area, in terms of section *sixteen* of that Ordinance the proceeds of the tax paid by any person residing within such area, less ten *per centum*, shall be paid to the village management board concerned —";

- (f) by the insertion after section 12 of the following section:—

"Application of Ordinance.

12bis. Save where otherwise provided, the provisions of this Ordinance shall not apply to any municipal area or any village management board area in respect of which the provisions of the Municipal Dog Tax Ordinance 1967 apply: Provided that any person who keeps a dog in respect of which the tax has been paid in terms of this Ordinance, shall not during the currency of a metal badge issued in terms thereof be required again to pay any tax in respect of such dog in terms of this Ordinance or any other law."

18. The Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) is hereby amended —

Amendment of Ordinance 13 of 1963 as amended by Ordinance 5 of 1964.

- (a) by the deletion of section 166 (5) (b);
- (b) by the insertion in section 242 (5) (c) before the word "prohibiting" of the words "subject to the provisions of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 and any regulations made thereunder".

19. This ordinance shall be called the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 and shall come into operation on the 1st day of April, 1968.

Short title and date of commencement.